



BLOU BOEK



LEIERSGIDS
Graad 4-6

JOHANNES MOUTON

BM
Bybel-Media



jeugfokus

INHOUDSOPGAWE

Vir die leier	5
1. Afskop	9
Tema 1 – God: wie God is en wat God doen	17
2. God weet alles van ons	19
3. God is Koning oor alles en almal	23
4. God sorg vir ons	25
Tema 2 – Kerklike feeste	27
5. Lydenstyd: Jesus ly vir ons	29
6. Opstanding: Jesus leef!	31
7. Hemelvaart en wederkoms: Jesus kom weer	33
8. Pinkster: Die Heilige Gees, ons geskenk	35
Tema 3 – God se kinders: wie ons is en hoe ons leef	37
9. Keuses het gevolge	39
10. Welkom terug, wegloopkind	41
11. Ons praat met God	43
12. Gereed vir die nagmaal	45
Tema 4 – Ons verhouding met ander mense	47
13. Wees 'n goeie vriend	49
14. Help ander mense	53
15. Vergewe mekaar	57
Tema 5 – God se kinders in God se wêreld	59
16. Jesus, groot bo almal	61
17. Dis ons aarde, pas dit op	63
18. Wees 'n harde werker	65
19. Liefde wat leef en geleef word (Kersfees)	69
20. Ons sê dankie	71

VIR DIE LEIER

AGTERGROND

Baie dankie dat jy bereid is om op hierdie manier by die gemeente betrokke te wees. Ons vertrou dat dit vir jou 'n positiewe en opbouwende ervaring sal wees.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se Woord aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe behoort te leef. Daarom is dit nodig om reeds van jongs af aan die Bybel blootgestel te word. Hierdie uitgangspunt bepaal die inhoud van dié kategeseleiersgids. Dit wil die kinders begelei om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en te dink oor hoe om dit uit te leef. Om dit te bereik word die volgende struktuur gebruik:

Omgee

Kategese vind binne die konteks van die geloofs- en liefdesgemeenskap plaas. Gelowiges is saam op hierdie geloofsreis. Hulle gee vir mekaar om, help mekaar, ondersteun mekaar, hou mekaar verantwoordbaar, bid vir mekaar en bou mekaar op.

Insig

In die kategese staan die Bybel sentraal in elke ontmoeting. Aangesien die Here deur sy Woord en Gees na mense toe kom, is dit nodig dat die kinders die inhoud van die Bybel en ons geloof sal leer ken. Hierdie komponent van die ontmoeting is daarom gemik op kennis, leer en verstaan.

Nadenke

Elke ontmoeting vind deur middel van gesprek plaas. Die Here praat met ons deur sy Gees, maar ons praat ook met mekaar. Op hierdie manier leer ons by God en mekaar om die Bybel te oordink en die implikasies daarvan vir ons lewe te ontdek.

Uitleef

Ons kan egter nie net die Woord hoor, kennis daarvoor versamel en dit oordink nie – ons moet dit ook leef. Tydens die kategese-ontmoetings word die kinders daarom ook begelei om uit dankbaarheid te leef.

Die volgende uiteensetting se doel is om die kinders van die gemeente op te bou om werklik mense van God, dissipels en liggaam van Christus te wees. Dit beoog om die kinders van die Here te lei tot geestelike volwassenheid, betrokkenheid by die gemeente en die wêreld, persoonlike verantwoordelikheid en selfstandigheid en 'n lewende verhouding met die Here God.

UITEENSETTING

Die leiersgids bestaan uit 20 ontmoetings wat soos volg ingedeel word:

- Afskop: Tydens hierdie ontmoeting word die kinders verwelkom en die nodige administrasie afgehandel.
- Daar is 'n paar ontmoetings oor **God: wie God is en wat God doen:**
 - God weet alles van jou
 - God is Koning oor alles en almal
 - God sorg vir ons
- Dan is daar 'n paar ontmoetings oor ons identiteit en leefstyl as **God se kinders:**
 - Keuses het gevolge
 - Welkom terug, wegloopkind
 - Ons praat met God
 - Gereed vir die nagmaal
- Dit word gevolg deur 'n paar ontmoetings oor **God se kinders se verhouding met ander mense:**
 - Wees 'n goeie vriend
 - Help ander mense
 - Vergewe mekaar
- Teen die einde van die jaar gee ons aandag aan **God se kinders in God se wêreld:**
 - Jesus, groot bo almal
 - Dis ons aarde, pas dit op
 - Wees 'n harde werker
 - Liefde wat leef en geleef word (Kersfees)
 - Ons sê dankie
- Deur die loop van die jaar is daar ontmoetings wat spesifiek oor **die feestye van die kerklike jaar** handel sodat ons voorbereid is vir hierdie wonderlike geleentheid:
 - Lydenstyd
 - Opstanding
 - Hemelvaart (en wederkoms)
 - Pinkster

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

Elke ontmoeting begin met die afdeling "Agtergrond" wat vir jou inligting oor die week se tema gee. As daar iets is waarvan jy moet kennis neem of wat jy moet saambring, sal dit onder "Sake om in ag te neem" of "Benodighede" staan.

Daarna volg 'n riglyn vir die aanbieding van die ontmoeting wat bestaan uit vrae, opdragte, onderriggedeeltes en aktiwiteite wat by die betrokke tema aansluit. Dit is uiteengesit volgens die struktuur wat hierbo uitgespel is, naamlik Omgee, Insig, Nadenke en Uitleef. Elke ontmoeting sluit af met gebedstyd.

Indien van toepassing sal daar 'n werksblad (wat jy kan fotostateer) by die week se ontmoeting ingesluit wees. Dit is met die oog op spesifieke opdragte of aktiwiteite om die week se tema toe te lig.

Daar is waarskynlik meer Sondae vir kategorie met verloop van die jaar as wat daar ontmoetings in hierdie boek is. Die gedagte is dat julle sekere Sondae kan gebruik om in plaas van die normale ontmoeting eerder die groeiprojekte saam te doen.

Ervaring het geleer dat kinders nie altyd hulle Bybels saambring nie. Oorweeg dit daarom om elke week die teksgedeelte vir elkeen te fotostateer.

En onthou, goeie voorbereiding en gebed verseker 'n genotvolle ontmoeting. Geniet dit!

DIE KINDERS SE *DOENBOEK*

Elke kind ontvang 'n *Doenboek* met vrae om oor na te dink en aktiwiteite wat hulle op hulle eie of saam met hulle ouers by die huis kan doen. Dit is aanvullend tot wat julle by die groepontmoeting gaan doen. Moedig die kinders aan om dit te gebruik en saam te bring na die ontmoetings.

'N SEËNWENS

Ons hoop hierdie leiersgids sal vir jou en jou groep tot groot seën wees. Ons glo dat jy vreugde uit jou dienswerk sal put en dat jy deur die jaar sal kan sien hoe die Here jou in sy koninkryk gebruik.

TEMA 1

**GOD: WIE GOD IS
EN WAT GOD DOEN**

GOD WEET ALLES VAN ONS

AGTERGROND

Doel

Die kinders ontdek God weet alles van ons en ons elkeen is vir Hom baie spesiaal.

Bybelgedeelte

Psalm 139:1-24.

Sake om in ag te neem

Psalm 139 vertel vir ons die Here ken ons deur en deur. Dié psalm word in vyf dele uiteengesit:

- Vers 1-6: God weet alles van ons
- Vers 7-12: God is oral teenwoordig
- Vers 13-18: Die wonder dat God ons gemaak het
- Vers 19-22: Die afkeer van sondes
- Vers 23-24: Selfondersoek

Benodighede

- 'n Stempelkussing om vingerafdrukke te neem.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Vra hoe die eerste paar dae by die skool afge-loop het.

Gebruik dan enigeen van die volgende twee aktiwiteite om die ontmoeting mee te begin.

Aktiwiteit 1

Ons gaan nou die speletjie "Ek dink aan ..." speel. Julle moet raai waaraan ek dink. Ek sal vir julle leidrade gee, soos die kleur van die voorwerp waaraan ek dink. Die een wat eerste reg raai, kry dan weer 'n beurt om aan iets te dink. Kies nou enige voorwerp naby aan julle, soos 'n kledingstuk, 'n stoel of skoene en sê: "Ek dink aan iets wat bruin is. Wie kan vir my sê waaraan ek dink?" Nadat vier of vyf kinders kans gekry het om te raai, vra dan: Kan 'n mens weet waaraan iemand anders dink? Laat die kinders antwoord. Nee, ons kan nie iemand anders se gedagtes lees nie. Maar ek weet van iemand wat so wonderlik is dat Hy wel my en jou gedagtes kan lees ...

Aktiwiteit 2

Wie van julle het al 'n geheim gehou? *Laat die kinders hulle hande opsteek. Vra dan vir dié wat hulle hand opgesteek het:* Hoeveel ander mense het van hierdie geheim geweet? Gee hulle kans om te antwoord. Wanneer is 'n geheim 'n geheim? *Laat die kinders hulle mening gee.* 'n Geheim is net 'n geheim as jy en dalk nog een iemand daarvan weet. Die wonderlike waarheid is dat God al ons geheime ken. Hoe ken Hy dit? Want Hy weet alles van ons af.

Lees nou Psalm 139:1-24.

Insig

Psalm 139 vertel vir ons hoe wonderlik God is en dat Hy alles van ons weet. Wat weet God alles van ons volgens vers 2-4? *Laat die kinders die antwoorde soek.*

God weet wat jy *dink*. In vers 2 lees ons: "U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom." God weet wanneer jou gedagtes dwaal. Hy ken al jou geheime. Hy weet wat jy oor mense dink. Ons kan niks vir die Here wegsteek nie. Hy weet alles wat ons dink.

God sien wat jy *doen*. Vers 2 sê vir ons: "Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit." God sien wat jy op die sportveld, in die klas en by die huis doen. Al merk jou ouers of onderwysers dit nie op nie – God weet van alles wat jy doen.

God hoor wat jy *sê*. God weet wat jy gaan sê nog voordat jy dit sê. In vers 4 lees ons: "Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees." God weet wat jy van ander mense sê. Hy weet wanneer jy lelik van iemand by die skool praat. Hy weet wanneer jy lelike dinge oor jou broer of suster sê. Hy weet ook van die mooi woorde wat jy oor ander mense sê. God hoor elke woord wat jy sê.

Nadenke

Soms voel 'n mens bang wanneer jy besef God weet alles van jou, veral as jy dalk lelike dinge gedink of gedoen of gesê het. Ander mense weet dalk nie daarvan nie, maar jy kan dit nie vir God wegsteek nie. Miskien voel jy soms asof jy vir die Here wil weghardloop. Die skrywer van Psalm 139 het ook so gevoel. Ons lees in vers 7: "Waarheen sou ek vlug om aan U teenwoordigheid te ontkom?"

Kan 'n mens van die Here af wegvlug? Is daar 'n plek waar jy vir die Here kan gaan wegkruip? *Gee die kinders kans om te antwoord.* Waar het die skrywer van Psalm 139 vir God probeer wegkruip? *Laat die kinders die antwoorde in vers 7-12 soek.*

Nee, ons kan nie van die Here af weghardloop of vir Hom wegkruip nie. Hy is oral. Die wonderlikste is egter: Jy hoef nie vir die Here bang te wees nie. Jy hoef nie vir Hom weg te hardloop of weg te kruip nie. Want al weet God alles van jou, gee Hy steeds vir jou om en is Hy lief vir jou. Hy het jou gemaak.

Wat lees ons in vers 14? God jou jou op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Kyk na jou duim. As jy mooi kyk, sal jy die fyn lyntjies van jou vingerafdruk op jou duim sien. *Gebruik nou die stempelkussing om elke kind se duimafdruk in hulle Doenboeke te maak. Laat hulle na mekaar se duimafdrukke kyk.* Is julle duimafdrukke dieselfde? Nee, elke mens op aarde se duimafdruk is uniek. Daar is niemand wie se duimafdruk presies soos joune lyk nie. God het jou baie spesiaal gemaak. Hy ken jou. Hy weet alles van jou en Hy is lief vir jou. Daarom hoef jy nie vir Hom bang te wees nie.

Uitleef

Gaan wys jou duimafdruk vir iemand en vertel vir die persoon dat ons elkeen vir God uniek en spesiaal is.

Afsluiting

In vers 23-24 lees ons: "Ondersoek my ... kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die regte pad." Miskien is daar verkeerde dinge in jou lewe. God weet klaar daarvan, maar dit is altyd goed om vir Hom te sê ons is jammer daaroor. Dink gou of daar verkeerde dinge in jou lewe is en sê in jou gedagtes vir die Here jy is jammer daaroor.

Ná 'n oomblik van stilte kan jy afsluit met 'n gebed waarin jy vir die Here dankie sê dat Hy ons vergewe.

GOD IS KONING OOR ALLES EN ALMAL

AGTERGROND

Doel

Die kinders beseef in hierdie deurmekaar wêreld is God die Koning in beheer. Wanneer ons dit verstaan, kan ons nie anders as om Hom te loof en te aanbid nie.

Bybelgedeelte

Openbaring 4:1-11.

Benodighede

- 'n Dik tou om mee tou te trek.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê?

Open met 'n dankgebed.

Insig

Vra vir die kinders waaraan hulle dink wanneer hulle aan God dink. Gee vir elkeen kans om te antwoord.

Kom ons lees nou hoe God in Openbaring 4:1-11 beskryf word. *Vra vir die kinders om al die beelde in die teks te identifiseer. Verduidelik nou wat die verskillende verse beteken. Jy kan die volgende inligting gebruik:*

- **Openbaring 4:3**

Johannes gebruik die beeld van kosbare edelgesteentes (opal, karneool en smarag) en die reënboog om God se grootheid voor te stel.

- **Openbaring 4:4**

Die 24 ouderlinge verteenwoordig die hele kerk wat die Here prys en dien. Hulle wit klere wys dat Jesus hulle sonde weggewas het. Die goue krone op hulle kop wys dat hulle saam met God heers.

- **Openbaring 4:5**

Die weerlig en donderslae verwys na God se krag en mag. Die Geeste voor sy troon bevestig dat die Heilige Gees altyd en oral teenwoordig is.

- **Openbaring 4:6a**

Die gladde en stil see is simbolies van God se rustigheid en verhewenheid.

- **Openbaring 4:6b-8**

Die oë van die lewende wesens wys dat hulle altyd wakker en gereed is. Die leeu is die sterkste van die wilde diere; die bul is die sterkste van die mak diere; die arend is die sterkste onder die voëls, en die mens is die magtigste van alles wat God geskep het. Die vier lewende wesens stel die hele skepping voor wat God loof en prys. Hulle is heelyd by God en in sy diens. Hulle vlerke is simbolies van hulle vermoë om God se wil vinnig te gaan uitvoer.

- **Openbaring 4:9-11**

Wanneer die lewende wesens God besing, kniel die 24 ouderlinge (die hele kerk) ook voor God en aanbid Hom. Hulle sit hulle krone voor die troon neer as 'n teken van hulle afhanklikheid en as erkenning van God se gesag oor alles.

Nadenke

Johannes het die boek Openbaring geskryf vir Christene wat baie swaargekry het. Die Romeine het hulle wreed onderdruk. Hulle was arm. Hulle kon nie hulle godsdiens beoefen nie. Dié wat wel aangehou het om Jesus te aanbid, is wreed vervolgd en doodgemaak. Hoe dink julle het die Christene gevoel toe hulle Openbaring 4 lees? Dit moes vir hulle wonderlik gewees het om te hoor God is groter as al hulle swaarkry.

Dink julle Christene kry vandag nog swaar? Op watter maniere ervaar Christene vandag nog swaarkry? Gee die kinders kans om hieroor te gesels.

Openbaring 4 help ons om te onthou: Al lyk ons probleme of ons swaarkry hoe groot, God is altyd groter! Hy is ons Koning. Hy is in beheer. Hy is altyd by ons. Hy help ons om ons probleme en swaarkry te hanteer, want ons is sy kinders.

Gebruik die tou om hierdie beginsel te demonstreeer. Laat een van die groter seuns teen een van die kleiner dogters in die groep toutrek. Natuurlik sal die seun wen. Trek jy nou saam met die dogter teen die seun. Dan sal julle die toutrek teen die seun wen. Wanneer ons alleen staan en dinge uit eie krag probeer hanteer, verloor ons maklik. Omdat ons aan God behoort, is ons nie alleen nie. Saam met Hom kan ons ons probleem oorkom. God help ons om ons swaarkry te aanvaar en te hanteer.

Uitleef

Wat kan ons elke dag doen om God te loof en te eer? Gee die kinders kans om te antwoord.

Afsluiting

Gee kans vir 'n paar dankgebede.